

RAPPORT 25 JANUARIE 2004

JOHANNESBURG FINAAL

NUUS BL. 7

Politieke party wil bid oor dop wat 1c kos

MARYNA VAN WYK Bloemfontein

"Brandewyn bly 'n bargain, ongeag sy prys," is 'n ou kroegstorie van manne wat van hul hardehout hou, maar 'n sent 'n dop moet die grootste winskoop wees wat in 'n keelgat kan afgaan, word in die Vrystaatse hoofstad geredeneer.

En nou gaan die woordegeveg tussen die eienaar van 'n nagklub wat sy drank Woensdagaande teen 1c per sopie verkoop en die African Christian Democratic Party vandeeweek in massa-aksie oor.

Die ACDP is vas van plan om die verkoop van goedkoop drank aan die Bloemfonteinse jeug stop te sit.

"Ja, ons beplan om Woensdagaand voor die kuierplek te betoog en vir die mense binne te bid. Die advertensie lok jong mense uit om meer te drink. Die vraag is ook hoe die transaksies beklink word, want daar is nie meer sente in omloop nie," sê mev. Martha Dean, woordvoerder van die ACDP in die Vrystaat.

Mnr. Luigi Lupacchini, eienaar van die klub Red's, sê aan Rapport hy beoog om binnekort met 'n nuwe geldeenheid te begin wat slegs in sy klub gebruik kan word. Dit is nog een van sy bemarkingsaksies om die vermaaklikheidswaarde van sy kuierplek te verbeter.

"Jong mense, veral van in die twintig, soek 'n kuierplek met beheerde chaos. Bloemfontein het steeds aartskonserwatiewe mense wat hul leefwyse aan die hele gemeenskap wil opdwing. Daar is selfs mense wat in die naam van die kerk gereeld probeer om nagklubs toe te maak. Dit maak inbreuk op die jong mense se vryheid. Ek sal eerder onder beheerde toesig toelaat dat mense in my klub meer drink as om dwelms te gebruik," sê hy.

Lupacchini het die afgelope week weer mense van die ACDP uitgenooi om sy klub te besoek. "Die ACDP soek nou net stemme en weet nie regtig hoe die jeug funksioneer nie. Ons kan nie van iemand 'n alkohol maak een aand per week nie. Die meeste mense kan nie eens 'n halwe bottel hardehout drink nie.

"Ons gee mense nie 'n drankprobleem nie -probleemdrinkers het dieper emosionele probleme."

Die klub het 'n metaalverklikker by die deur en besoekers word ook by die ingang deurgesoek. Woensdagaande kry elke besoeker sy eie glas. Net 'n enkel-drankie word op 'n slag verkoop. Daar is ook 'n hele houer vol sente vir diegene wat nie meer dié geldstukkies in die hande kan kry nie.

Volgens Lupacchini het die polisie die afgelope twee jaar reeds sewe keer op sy perseel toegeslaan. Geen saak is teen sy onderneming gemaak nie. Tot dusver is daar geen wetgewing wat die prys van alkohol of die hoeveelhede reguleer nie.

Dean sê die ACDP gaan alles doen om die verkoop van goedkoop drank in dié kuierplek te staak. Die ACDP is reeds besig om in die parlement aandag aan die saak te gee.

Lede van die ACDP en bekommerde ouers wat Woensdagaand voor Red's gaan bymekaarkom, "gaan toi-toi en bid. Die getalle moet so aangroei dat Nelson Mandela-rylaan Woensdagaande gesluit sal moet word," sê sy.

Foto: volkleur

Onderskrif: Mnr. Luigi Lupacchini (links), eienaar van Red's in Bloemfontein, wat teenkanting van die ACDP in Bloemfontein kry omdat hy sy hardhout Woensdagaande teen 1c per sopie verkoop. By hom is mnr. Ian Visagie, die klub se DJ. Foto: MARYNA VAN WYK